



Opgestel deur:

Dr Jane Buys, Veiligheids Risiko Analis,

Vrystaat Landbou

23 Augustus 2023



OPSOMMING - ANALISE: MISDADE EN VEEDIEFSTAL VIR DIE EERSTE KWARTAAL 2023/2024 IN DIE VRYSTAAT

Die Minister van Polisie het onlangs misdaad statistieke vrygestel vir die eerste kwartaal van die finansiële jaar 2023-2024, dus vanaf 1 April tot 30 Junie 2023.

Die opsomming van die misdaad statistieke vir die eerste kwartaal van die finansiële jaar 2023/2024, word kortliks hieronder weergegee:

- **Moorde en poging tot moorde** insidente het **afgeneem in die RSA** met onderskeidelik **3,1% en 2,0%** - sodanige ernstige geweldsmisdade teenoor **vrouens en kinders het tussen 4,7% en 20,6% toegeneem**;
- **Moorde** in die **Vrystaat** het **afgeneem** met **6,6% - 46,03%** van moorde word met 'n **vuurwapen** gepleeg;
- **Plaasmoorde** in die **RSA** het met **4 insidente toegeneem** - 5 produsente, 4 werkers, 4 bewoners en 'n persoon wat op 'n plaas woonagtig is, vermoor – in die **Vrystaat** was **2 werkers en 2 bewoners** op plase vermoor te Fouriesburg, Kroonstad, Oranjeville en Zamdela;
- **Toename** in **gewapende rowe** in die **RSA** met **1% (346 insidente)** - **Vrystaat** en Noord-Kaap het grootste toenames gehad nl 12,6% en 17,1% wat in terme van hul capita ook moet inaggeneem word;
- **Huisrowe** het in die **RSA** met **4,9% toegeneem** (261 insidente) - in die **Vrystaat** was daar 167 huisrowe, 'n **toename** van **33,6%** - gewapende rowe op plase/kleinboewes het met 26 insidente gedaal terwyl huisrowe met 14 insidente gedaal het;
- **Afname** van 110 **plaasaanvalle** (183 aanvalle teenoor 73) in die **RSA** wat 'n verskeidenheid van ernstige geweldsmisdade insluit - in 3 Plaasaanvalle was voertuie geroof, in 5 vee geroof - **Vrystaat** het **8 plaasaanvalle** gehad waarin 3 werkers, 2 produsente, sekuriteitswagte, bewoner en besoeker op 'n plaas aangeval was - insidente het plaasgevind te Bethlehem, Fouriesburg, Harrismith, Kroonstad, Senekal, Tweeling, Virginia en Wepener;
- In die tydperk **1 April tot 30 Junie 2022** was daar **20 plaasaanvalle**, dus 'n afname wat betref plaasaanvalle in die Vrystaat as die 2023 syfers met die 2022 syfers vergelyk word;
- Tipe misdade wat die **meeste** en die **hoogste aanmelding syfers** in die **Vrystaat** se dorpe en moontlik boerdery gemeenskappe het, is **Huisbrake by Wonings, Diefstal Algemeen/Ander, Aanranding Gewoon** en of **Aanranding ETB**;
- Aangemelde **veediefstal sake** in **RSA** is **6 281** meeste daarvan in **Oos-Kaap (1 576)** gevolg deur **KwaZulu-Natal (1 442)** - **Vrystaat** is derde met **731 sake**, 'n **daling** van **9.6% (87 sake)**;
- 'n Totaal van **68 015 diere** is in die drie maande periode gesteel (25 418 skape, 16 340 bokke, 14 510 beeste, 10 422 hoenders) – geen getalle wat betref teruggevinde vee nie asook per provinsie nie;

- Vier (4) **hoë misdada dorpe** in **Vrystaat** is **Bultfontein, Selosesha, Thaba-Nchu en Harrismith** - verteenwoordig **15.32%** van Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers;
- Verdere dertien (**13**) **hoë misdada areas** het tussen 14 tot 17 sake aangemeld waar die dorpe se sake 26.81% van die Vrystaat se syfers verteenwoordig - Botshabelo, Hennenman, Mafube, Reddersburg, Fouriesburg, Reitz en Tseseng (QwaQwa area) het toenames gehad wat wissel vanaf 7,7% tot 200%;
- Dorpe wat in 'n **5jaar periode** die hoogste aanmelding syfer het tov veediefstal is Botshabelo, Koppies, Mafube, Reddersburg en Tseseng - Hennenman en Reitz ewenaar amper hul hoogste getalle in die periode;
- Die **13 grensdorpe** verteenwoordig **21,1%** van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfer vir die tydperk – toenames was te bespeur by Fouriesburg, Tseki, Tseseng en Vanstadensrus;
- Die Fezile Dabe distrik verteenwoordig 15,87% van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers;
- By 22 stasies/dorpe in die Vrystaat ewenaar of oorskry veediefstal die grootste aangemelde misdada in daardie dorp/stasie se gebied – dit kan wees dat monetêre verliese tov veediefstal ook die grootste verliese kan wees omrede die hoogste misdada in baie gevalle Diefstal Algemeen is;
- **14 polisie stasies** het **geen veediefstal sake** vir 'n **3 maande periode** aangemeld nie, meeste van hulle geleë in dorpsareas en ander is klein landelike polisiestasies;
- Daar was **22 polisiestasies** waar tussen **1-2 sake in 'n 3maande periode** aangemeld is in die Vrystaat;

Die **19 hoë misdada areas** tov veediefstal in die Vrystaat kan geïdentifiseer word as die volgende:

- 8 grensdorpe nl Clocolan, Ficksburg, Fouriesburg, Hobhouse, Ladybrand, Kestell, Vanstadensrus en Zastron;
- 3 polisiestasies in die QwaQwa area (Makwane, Phuthaditajba, Tseseng);
- Botshabelo/Selosesha/Thaba-Nchu polisiestasies (trust areas);
- Asook die volgende hoë misdada areas van Bultfontein, Harrismith, Heilbron, Hennenman, Koppies, Mafube, Reddersburg, Reitz en Vrede;
- Hierdie 19 dorpe/areas verteenwoordig 51,85% van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers.